

Gereformeerde Kerk Trinitas
Oggenddiens
2018-03-18

1 Korintiërs 3:9b-23
Fokusvers: Vers 10b-11a

God eis rekenskap vir al ons bouwerk op Christus as fondament

Inleiding:

- Ons het van die begin van die jaar saam begin met 'n reeks oor bouwerk.
 - In Nehemia 4 het ons gekyk hoe God ons in staat stel om te bou en dat elkeen van ons ook die plig het om saam te bou.
 - Daarop het ons dan in spesifieke detail ingegaan op die fondament.
 - Dit waarop die gebou opgerig word.
 - So ook Jesus as die hoeksteen – die steen wat eerste en laaste ingebou word sodat die bouwerk kan begin en voltooi word.
 - In Psalm 127 word ons weer eens herinner dat al ons bouwerk tevergeefs is as God nie saam met ons bou nie.
 - En in Handeling 20 word ons toegerus met die wete dat dit deur die genadegawe van God se Woord is dat ons mag bou.
- Deur die hele kwartaal het ons dus die eggo gehoor van Christus die fondament, die vertrekpunt, die hoeksteen.
 - Hy is die oorsprong.
 - Hy is die vertrekpunt vir alles waarmee ons besig is.
- In 1 Korintiërs 3 hoor ons dus nie nuwe nuus nie.
 - Hier word nie skielik 'n ander boodskap deur Paulus verkondig nie.
 - Dieselfde boodskap word ook hier duidelik gemaak – Jesus is die fondament.
 - Die verskil is egter dat hier 'n bepaalde verantwoordelikheid op ons geplaas word.
 - Elkeen sal moet rekenskap gee van sy bouwerk.
- Wat het jy gemaak met die fondament wat aan jou gegee is?
 - Hoe het jy geleef met die wete dat Christus die fondament is vir ons geloof?

- Daarom kan ons vanoggend op twee wyses antwoord op die tema van vanoggend se preek.
 - God eis rekenskap van ons bouwerk – vrees jy of juig jy?

Die fondament is vir ons gelê

- Paulus maak dit nie moeilik nie.
 - Hy wil nie die lesers verwar nie.
 - Hy maak seker daar is geen twyfel nie.
 - Jesus Christus is die fondament.
- Wanneer daar fisies gebou word, word die fondament eerste gelê.
 - Sodra die fondament goed droog geword het, kan daarop gebou word.
 - Die fondament bepaal ook op watter wyse daar gebou kan word.
- Jy kan nie 'n wolkekrabber bou op 'n oppervlakkige fondament nie.
 - So ook is dit doelloos om maar bloot 'n tent op te slaan op 'n diep sterk fondament.
- Die fondament wat vir ons gelê is – Jesus Christus – maak dit duidelik dat ons nie bekommerd hoef te wees oor die krag of sterkte van die fondament nie.
 - Ons kan met sekerheid sonder enige vrees bou.
- Paulus skryf in vers 10 dat hy soos 'n goeie bouer die fondasie gelê het.
 - As ons die griekse teks letterlik vertaal – soos 'n wyse argitek het hy die fondasie gelê.
 - Hierdie fondasie is die verkondiging van Jesus Christus.
 - In die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk lig Paulus dit uit dat dit nie saak maak wie die fondament gelê het nie, maar dat dit die werk is van die Heilige Gees wat enige vooruitgang na vore bring.
- Paulus was dus net die arbeider.
 - Hy is nie die meesterbrein agter die konstruksie projek nie.
 - Dit is die werk van die Here.
 - Daarom word dit ook baie duidelik gemaak dat daar nie 'n ander fondament kan wees nie.
 - Die werkwoord wat gebruik word om die posisionering van die fondament te beskryf beteken om op 'n vaste plek te installeer.

- Met ander woorde die fondament kan nie skuif nie.
- Die fondament kan nie verander nie.
- Die fondament is en bly vas en dieselfde deur al die eeue.
 - Die fondament bly Jesus Christus.
- Daarom kry ons die opdrag dat ons moet mooi kyk hoe ons verder bou.

Waak oor jou bouwerk

- Ons almal ken die feëverhaal van die drie varkies.
 - Elkeen bou 'n huis.
 - Een met strooi, een met hout en een met stene.
 - Net die stene huisie bly staan teen die aanslae van die wolf.
- Wanneer ons rekenskap gaan gee van ons bouwerk gaan dit egter nie getoets word deur 'n wolf wat daarteen blaas nie.
 - God self gaan toets.
 - God self gaan ondersoek instel oor hoe ons gebou het.
- Paulus skryf die brief aan die gemeente in Korinte.
 - Hy spreek die probleem aan van onenigheid.
 - Daarom dan die voorafgaande gedeelte waar die gemeente aangespreek word omdat party vir Paulus is en ander vir Apollos.
 - Die gemeente vergeet waaroor dit gaan.
- Daarom beklemtoon Paulus dit nou vir die gemeente –
 - Jy moet rekenskap gee van jou bouwerk.
 - Jy moet dit nie vergelyk met die bouwerk van jou buurman nie.
 - Jy gee rekenskap van jou bouwerk.
 - In vers 12 word 'n lys boumateriale uitgelig.
 - Goud
 - Silwer
 - Edelstene
 - Hout
 - Gras of strooi
- Op eerste oogopslag lyk dit of Paulus dit rangskik in volgorde van waarde.
 - Goud is immers baie meer werd as gras of strooi.
 - Dit is egter nie waaroor dit gaan nie.

- Waarde is die laaste ding waaroor ons bekommerd moet wees in ons bouwerk.
 - Die boumateriale word rangskik in volgorde van vlambaarheid.
 - Wanneer die vuur tref bly goud daarom effens langer staan as gras of hout.
- Die rede vir hierdie opvallende rangskikking is die feit dat die bouwerk getoets gaan word.
 - Deur die verloop van die hele Bybel sien ons hoe God telkens toets deur vuur.
 - Deuteronomium 4:24 beskryf God as 'n verterende vuur.
 - In Eksodus 3:2 verskyn God aan Moses in 'n vuur in die brandende bos.
 - Daarom skryf Paulus ook in vers 13 dat die dag sal kom wanneer ons bouwerk getoets gaan word.
 - Hierdie toets gaan kom in die vorm van vuur.
- Niemand gaan loskom van hierdie oordeel nie.
 - Elkeen se bouwerk gaan getoets word deur hierdie vuur.
 - Jy gaan nie 'n lui kontrakteur of swak vakmanskap of ander verskonings kan gebruik nie, want jy word self verantwoordelik gehou vir jou bouwerk.
- Tog is daar 'n beloning vir hulle wie se bouwerk bly staan.
 - Die vraag bly wie se bouwerk kan bly staan teen die verterende vuur van God se oordeel?

God red ons ten spyte van ons swak bouwerk

- Vers 16 maak dit duidelik dat ons onself nie volgens hierdie wêreld se standarde moet meet nie.
 - Daarom kan ons nie na die wêreld kyk vir riglyne oor ons bouwerk nie.
 - Soek na die Here.
 - Hy is ons riglyn.
 - Hy is ons maatstaf.
 - Ons kan nie enigsins roem in ons bouwerk nie.
 - Ons menslike gebrokenheid maak dat selfs ons beste pogings uitloop op 'n mislukking.

- Maar ons kry die sekerheid dat selfs ten spyte van ons mislukkings tree God op in sy groot genade en ruk ons uit die vuur uit.
- Selfs al verbrand ons bouwerk so dat daar niks oorbly nie behalwe as en rook, word ons steeds opgetel en vasgehou.
 - Ons fondament kan nie geskuif of verbrand of vernietig word nie.
 - Christus is ons sekerheid ondanks die onsekerheid waarmee die wêreld ons konfronteer.
- Die rede hoekom God ons uit die vuur uitruk is omdat ons aan Hom behoort.
 - Nie omdat ons dit verdien nie
 - Nie omdat ons bouwerk eintlik potensiaal het nie
 - Omdat ons die eiendom is van Jesus Christus.
 - Ons behoort aan Hom.
- Ons het die voorreg as gemeente om ook vanoggend weer getuies van die sakrament van die doop te kon wees.
 - Hier word die belofte gemaak dat ondanks ons mislukte bou pogings wat ons nog in ons lewens gaan aanpak, ondanks die feit dat alles wat ons op aarde versamel, deur vuur vernietig gaan word, het God steeds gesê jy is Myne.
 - Jy behoort aan My.

Slot:

- Dit is 'n groot verantwoordelikheid om voor God te moet staan en rekenskap te gee van ons bouwerk.
 - Dit is 'n vreesaanjaende gedagte om te weet dat jou werk nie goed genoeg is nie.
 - Jy staan voor God met die wete dit gaan vernietig word.
- Maar ons kry die sekerheid dat Jesus Christus se volkome werk vir ons die versekering gee dat ons nie hoef te vrees nie.
 - Omdat ons aan Hom behoort hoef ons die oordeel nooit te vrees nie.